

Chris Jones*

Daar gaan kwalik 'n dag verby sonder dat nóg 'n berig oor korrupsie iewers in die land ons tref. 'n Mens kan begryp waarom Suid-Afrikaners soms daarna voel om tou op te gooi in die voortslepende stryd teen hierdie euwel.

Tog behoort oorgawe nooit 'n opsie te wees nie, want daar's gewoon te veel op die spel. [Internasionale Teenkorrupsiedag](#), wat op 9 Desember gedenk word, herinner ons jaarliks aan hoe belangrik dit is om aan te hou om korrupsie in al sy verskillende vorme te bestry. Op dié dag in 2003 is die Verenigde Nasies (VN) se [Konvensie teen Korrupsie](#) in Meksiko onderteken. Sedertdien bied die dag 'n platform vir teenkorrupsie-aktiviste in die openbare en private domein om kragte saam te snoer teen korrupsie en bedrog in samelewings en gemeenskappe.

Ons het al almal gesien hoe verwoestend die onmiddellike én langtermyngevolge van korrupsie kan wees. Die VN se sekretaris-generaal, António Guterres, het dit in sy [boodskap](#) op Internasionale Teenkorrupsiedag verlede jaar beklemtoon toe hy gesê het: "Mense het rede om kwaad te wees. Korrupsie bedreig die welstand van ons samelewings, die toekoms van ons kinders, en die gesondheid van ons planeet. Dit moet déúr almal vír almal bestry word."

Open Secrets en die Londense organisasie Shadow World Investigations het hulle navorsing oor korrupsie en bedrog saamgevat in 'n [verslag](#) wat vroeër vanjaar aan die Zondo-ondersoekkommissie na beweerde staatskaping voorgelê is.

Die doel van die verslag getiteld "The Enablers: the bankers, accountants and lawyers that cashed in on state capture" is "om die strukturele probleme aan die lig te bring wat dit vir hierdie beroepslui [bankiers, rekenmeesters en regslui] moontlik maak om straffeloos as instaatstellers vir grootskaalse korrupsie te dien", en om "die [Zondo-]kommissie van bewyse te voorsien van spesifieke gevalle waar verskeie private rolspelers aandadig was aan die Gupta-afpersingsonderneming".

Volgens die verslag word 'n verstommende VS\$2 triljoen (5% van wêreldwye BBP) jaarliks in die internasionale finansiële stelsel gewas, hoewel 98% van groot korporasies op die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State se effektebeurse deur die sogenaamde "groot vier" rekenmeestersfirmas geouditeer word.

Van die skokkende Suid-Afrikaanse syfers in hierdie verslag is die uiters verdagte kosteverhoging van R16 miljard in die Transnet-transaksie vir 1 064 lokomotiewe, wat heel moontlik vir agterafbetalings bedoel was; die onreëlmatige besteding van R20 miljard deur Eskom tussen 2012 en 2018, en die onreëlmatige vooruitbetaling van R600 miljoen deur Eskom aan die Gupta-familie se maatskappy Tegeta om die verkryging van die Optimum-steenkoolmyn te bewerkstellig.

Die verslag dui voorts daarop dat die Suid-Afrikaanse ekonomie binne vyf jaar R5 triljoen kwyd is weens staatskaping, en R100 miljard se belastinginkomste verloor het ná die aanval op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Dit toon ook hoe R288 miljoen, of 82%, van die openbare geld vir die Estina-suiwelprojek (wat vir swart boere bedoel was) in die rekening van Gupta-beheerde maatskappye in Dubai en Suid-Afrika beland het. Die Vrystaatse regering het tussen 2015 en 2016 altesaam R106 miljoen in die projek se FNB-rekening inbetaal, waarvan R85 miljoen net so na Gateway Limited in Dubai oorgeplaas is.

Dit alles het gebeur terwyl 50% van Suid-Afrikaners in armoede leef en dus met minder as R1 227 per maand oor die weg moet kom.

'n Verdere twee onthullende navorsingsverslae oor korporatiewe belastingvermyding in Suid-Afrika het bevind dat die owerhede hulle lelik misreken het met die omvang van onwettige winsverskuiwing uit die land na gunstiger belastinggebiede deur van die grootste multinasionale maatskappye. Een van hierdie studies [skat](#) dat die "belastingverlies vir Suid-Afrika op R7 miljard per jaar te staan kom, of bykans 4% van algehele korporatiewe belastingontvangste". Dit wys ook daarop dat "die voorste 10% van firmas vir 98% van die geskatte volume winsverskuiwing verantwoordelik is".

Open Secrets en Shadow World Investigations se verslag beklemtoon ook die vernietigende menslike koste van korrupsie. In arm lande kos dit mense hulle lewens, sê die verslag, en vang dit miljoene ander in armoede vas.

Ons moenie [banke](#) se kernrol in die instaatstelling van transaksies soos dié hierbo onderskat nie. Baie banke ignoreer bloot die wette en regulasies wat vereis dat hulle 'n aantal kontroles uitvoer om korrupsieopbrengste op te spoor. Gevolglik laat hulle die deur wyd oop vir korruptes om hulle geld te was.

Hierdie tipe optrede is soms 'n geval van growwe nalatigheid, maar daar is alte dikwels bewyse van opsetlike aandadigheid. Volgens hierdie verslag het private instaatstellers byvoorbeeld nagelaat om hulle wetlike of professionele pligte na te kom. Die Zondo-kommissie se werk sal onvolledig wees as hierdie instaatstellers nie ook ten volle ondersoek word nie.

Indien nie, sal voortdurende pogings om staatskaping ten volle te begryp ondermyn word, en sal ons tevergeefs probeer om instellings en stelsels so te herbou dat ons in die toekoms teen soortgelyke misbruik kan waak.

Hierdie instaatstellers beskou hulleself dikwels as onskuldig wat staatskaping betref, en bied allerhande soorte verklarings (soos dat hulle die slagoffers van politieke druk was, ofskoon daar geen bewyse daarvoor bestaan nie) om hulle as die "ongelukkige slagoffers van onreg" voor te stel.

En hoewel so 'n narratief dalk hierdie korporasies en hulle bestuurders pas, lui die verslag, "bied dit nie 'n volledige prentjie van hulle rol in die instaatstelling van misdrywe nie".

Dit moet ernstig opgeneem word. Hierdie narratief, sowel as sekere bestaande wette wat aandadigheid aan korrupte gedrag toelaat, sal verander moet word. Ons kan nie toelaat dat mense wins bo hulle professionele plig en die reg stel nie.

Hierdie instaatstellers se rol het sistemies geword. Hulle afwesigheid in baie van die ondersoeke na staatskaping tot dusver strook met 'n wêreldwye tendens wat bankiers, rekenmeesters en regslui se beduidende rol in ekonomiese misdrywe as onbeduidend afmaak.

Hierdie private rolspelers bly straffeloos omdat reguleringsraamwerke en instellings wat rekenskap moet eis, sowel as die strafregstelsel, grotendeels ondoeltreffend geword het.

Daarom moet die private sektor, en in die besonder hulle uitvoerende hoofde, aanspreeklik gehou word indien daar bewys kan word dat hulle nagelaat het om verdagte transaksies te keer. Hulle behoort voor die Zondo-kommissie gedaag te word, en as dit nodig is, moet hulle vervolg en in siviele regsgedinge aangeveg word.

Die geld wat die land weens korrupsie en bedrog verloor het, moet terugbetaal word en (byvoorbeeld) in 'n fonds gestort word vir die bystand en ontwikkeling van soveel Suid-Afrikaners wat hulle steeds in haglike sosio-ekonomiese omstandighede bevind.

Kom ons dink met Internasionale Teenkorrupsiedag vanjaar aan ons vele medeburgers wat weens korrupsie in armoede vasgevang bly. Kom ons herinner onself ook aan die harde werk wat nog voorlê om hierdie euwel uit te roei. Wat ons óók kan doen, is om die voorbeeld te volg van ons waagmoedige ondersoekende joernaliste en aktiviste wat na deursigtigheid en aanspreeklikheid streef.

***Dr Chris Jones is die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**